
# ARGEOLOGIESE OPGRAWINGS OP DOORNPOORT 19, WINBURG

**J.J.B. Dreyer**

Die geskiedenis van die Vrystaat strek verder terug as die Groot Trek. Ons kennis oor die tydperk voor die koms van die Blankes is beperk en die vroeë inwoners word gewoonlik beskryf as swerwende Boesmanbendes en 'n paar Swartstamme wat mekaar voortdurend aangeval en later verjaag het. Al het 'n dieper belangstelling in die voorgeskiedenis reeds gedurende die dertigerjare van hierdie eeu begin, het dit eers tydens die afgelope twee dekades werklik momentum gekry.

Die terrein op Doornpoort 19, naby Winburg, is gedurende 1983-84 noukeurig opgegrawe deur die Departement Argeologie van die Nasionale Museum. Daar is veral gekonsentreer om aktiwiteitsareas bloot te lê en om die vestigingspatroon vas te stel. Die areas waar die daaglikse lewensaktiwiteite plaasgevind het, is onderskeibaar deur die teenwoordigheid van veekrale, kleiner klipstrukture, hutte, kleipotskerwe en ashope. Dit was duidelik dat daar 'n bepaalde orde bestaan wat bepaal het waar strukture opgerig is.




Gebakte klei oorblyfsels van die hut met die afdrukke van riet en gras duidelik sigbaar. Hierdie verskynsels was die eerste aanduiding van 'n ander metode van hutkonstruksie.

Daar bestaan egter steeds hinderlike wanopvattings oor die bewoners van die vroeë klipkraalterreine van die Vrystaat. Die vernaamste hiervan is seker die gebruik van die benaming *Leghoya* vir alle klipkraalruïnes en die gepaardgaande veronderstelling dat dit 'n homogene groep mense was wat eenderse krale gebou het en in koepelkliphutte gewoon het.

'n Nadere ondersoek van die terreine met oorblyfsels van klipbouwerk wat verspreid oor die Vrystaat voorkom, toon egter 'n groot verskeidenheid van woonwyses (vestigingspatrone) en tipes hutte. Die rede hiervoor is waarskynlik dat dit deur mense van verskillende stamme opgerig is. Watter groep vir elke afsonderlike bouvorm verantwoordelik was, is nie duidelik nie en verg nog baie navorsing in verband met die verspreiding van etniese groepe.

Die vestigingspatroon is herkenbaar aan die plasing van die strukture. Op hierdie terrein is die sentrale posisie van veekrale met geassosieerde kleiner klipstrukture kenmerkend. Verskeie woonhutte op die buiterand voltooi die uitleg van die wooneenhede. Omdat daar voorheen aanvaar is dat die bewoners van alle klipkraalterreine in kliphutjies gewoon het en daar op hierdie terrein geen koepelkliphutte gevind is nie, is besondere aandag aan hierdie verskynsel bestee.

Die hutte het waarskynlik bestaan uit 'n raamwerk van riete wat met gras gedek was en daarna met klei gepleister is. Geen teken van 'n latraamwerk kon gevind word nie en dit lyk asof 'n enkele ry riete gebruik was om die dekgras te




*Plan van een van die wooneenhede op Doornpoort 19, Winburg. Hier is die vestigingswyse duidelik sigbaar met die veekraal in die middel, die kleiner klipstrukture daar naby en die posisie van hutte van riet en gras op die buiterand.*



*'n Voorbeeld van 'n klipkoepelhut of sogenaamde "Leghoya"-hut. Vroeër is aanvaar dat hierdie die enigste vorm van behuising was. Die navorsing by Winburg het egter duidelik aangetoon dat daar ook ander vorms van hutte bestaan het tydens die bewoning van die klipkraalterreine.*


stut. Oorblyfsels van die gebrande riet is wel in posisie gevind. Die hutte was waarskynlik koepelvormig met 'n lae ingang as enigste opening na buite. Die plan is ovaalvormig met gemiddelde afmetings ongeveer 3,8 m van kant tot kant en 4,0 m van voor na agter.

Plat klippe met skuurmerke daarop is by die ingang van die hut blootgelê wat die basis gevorm het van 'n skuifdeur waarmee die ingang toegemaak kon word. Die voorkant is verder herkenbaar aan een of meer klippe wat 'n drumpel gevorm het. Op een na front al die hutte in 'n min of meer oostelike rigting.

Te oordeel aan die konsentrasies gebakte klei met afdrukke van riet en gras daarin, is die hutte deur brand vernietig. Hierdie ramp het waarskynlik ook die einde van die bewoningsfase beteken en kan moontlik aan die Uitdelgingsoorloë (*Difaqane*) gedurende 1822-30 gekoppel word.

Dit is duidelik dat die metode waarop die hutte gebou is min of meer dieselfde was. Dit wil ook voorkom asof die hutte uit dieselfde tydperk dateer, en dat die doel waarvoor dit gebruik is ooreenstem. Aangesien verwysings na soortgelyke hutte in die vroeë beskrywings van sendelinge en reisigers voorkom, is dit moontlik dat koepelvormige hutte van riet en klei op 'n besondere tydstip algemeen op die terrein in gebruik was en moontlik ook meer verspreid op ander terreine met klipbouwerk in die Vrystaat voorgekom het.

'n Menigte los stukkies muur, konsentrasies potskerwe, stukkende maalklippe en ander onverklaarbare verskynsels wat oënskynlik deel van iets was, maar waarvan die funksie en verband nou nie meer duidelik is nie, dui daarop dat hier 'n baie groter bedrywigheid was as wat tans rekonstrueerbaar is.



In die Franse Sendingjoernaal van 1846 verskyn hierdie deursnee van 'n Sothohut. Hier is verskeie eienskappe te sien wat ook uit die opgrawing duidelik was.

# ACHILLES

Achilles is op 19 Desember 1923 in die distrik Jelsum naby Leeuwarden in Friesland gebore uit die "huwelik" van Setske en Siebel. In Maart 1926 arriveer hy in Kaapstad en is hy in Mei per trein na Glen waar daar met sy aankoms streng beheer oor die groot getal besoekers uitgeoefen moes word. Die jaar 1927 — sy tweede jaar op Suid-Afrikaanse bodem — was 'n besonder goeie jaar vir Achilles daar hy nie minder as nege toekennings (twee hiervan was goue medaljes) ontvang het en na hom as "beroemd" verwys is. Hierna volg 'n hele rits prestasies en het mense van heinde en ver gekom om hom te bewonder.

Toe het daar 'n ding gebeur wat 'n swart wolk oor die toneel sou trek en die hele verloop van sy lewe verder sou beinvloed. Archilles het sy oppasser Nikodemus Sedio op die oggend van 31 Desember doodgemaak.